

Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 09:00

Ons gebed vir heiligmaking

Skriflesing:

I Tesselonisense 5

Teksvers:

I Tesselonisense 5:23-24

Sing:

Ps 24:1,4,5

Sb 9-1:1,11

Ps 97:6,7

Sb 15-1:1-4

Sb 2-4:1,3

Sb 13-3

Prediker: Ds Maarten van Helden

Hierdie kort brief is waarskynlik Paulus se heel eerste brief aan 'n gemeente. Hy sit op 'n afstand, waarskynlik in Korinthe, en skryf aan hierdie gemeente vër daarvandaan.

Hy kry nuus deur Timoteus en Silas (Silvanus) wat nou vanaf Tessalonika by hom aangekom het. Dit gaan goed met hierdie klein kerkie en hulle volhard in die geloof. Sy fokus is veral op hulle voorbereiding vir die wederkoms wat naby is.

Ook ons teksverse is sy gebed dat hulle in hierdie voorbereiding sal volhard en groei. Die troos dat ons dit sal regkry, lê in die feit dat die getroue God dit wat Hy in ons begin het ook sal klaarmaak tot op die jongste dag (vgl Fil 1:6).

SONDAGAAND 18:00

Getsemane, Gabatta, Golgota

Skriflesing:

Markus 14:32-36, 15:1-34

Teksvers:

Markus 15: 26

HK Sondag 15

Sing:

Ps 48:1, 4

Ps 72:1, 8

Ps 118:12, 13

Sb 13-2

Prediker: Ds Lourens Venter

Die lyding van die Galileër gaan van Getsemane, na Gabatta, na Golgota. Hier sien ons die progressie in die diepte van die Christus se smart, maar terselfde tyd die vervulling van God se geregtigheid in die dra van God se toorn, Sy oordeel en Sy vloek.

Ons staan vanaand stil by Sondag 15 van die Heidelberger waarin hierdie dieptepunt van die lyding so duidelik uitgespel word.

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 47

Nr 18

22 Mei 2022



As die Strelitzias blom

Dit was twee jaar gelede dat ek hier in die kerk se tuin my trane moes inhou weens die eensaamheid en verlatenheid van die kerkwerf tydens die *lockdown*. Ek het op die stoep gesit en iets gedrink nadat ek die kerk se gras kom sny het wat in die *lockdown* nie opgehou groei het nie. Die son het so agter die strelitzias gesak. Daar was meer blomme as ooit voorheen. So asof hulle wou sê dat alles nie verby is nie. Die Covid-*lockdown* het ons stil gemaak, ingehok, bang gemaak. Wat wag vir ons? En dan skyn die laat middagson op die helder oranje van hierdie besondere blomme in die kerktuin en jy kry weer hoop en uitsig.

En nou bloei hulle weer. In die afgelope twee jaar het ons 'n paar van ons geliefde lidmate begrawe soos elke jaar. Sommige het weer regtig 'n paar noue ontkomings met die virus gehad. Soms het ons gestruikel in ons vertrouwe weens die vrese en kommer.

Maar die son skyn vandag weer deur die strelitzias... Die kerktuin 'n lushof van hoop!

Die Here was getrou. Die Here het gesorg. Hy het ons bewaar. Ja, selfs in die tye van dood en graf was daar die troos van "sal lewe al het hy ook gesterwe" (Joh 11:25,26).

Die dood was hartseer, maar nie tragies nie. Want ons treur nie soos hulle wat geen hoop het nie. En nou dat Covid deel geword het van ons daaglikse lewenswyse kan ons nog steeds na die strelitzias kyk. Hulle blom weer. Elke jaar sal hulle blom want God, die onderhouer van sy skepping, sorg vir hulle... en vir ons.

Hy sal ons bewaar in doodgevaar. Jou siel sal Hy bewaar. Die Here sal jou ingang en uitgang bewaar, van nou af tot in ewigheid! (Ps 121)

Liefdegroete

Ds Maarten



Ns: *Strelitzia* van die genus *Birds of paradise*, uniek aan Suid-Afrika en verskyn op ons 50c, word ook die kraanvoëlblom genoem.

ALGEMENE INLIGTING

EREDIENSTYDE

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00



Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Kantoorure: **Ma-Do** 08:15 - 13:00

Telefoon: **012 664 2614**

Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226

Lyttelton

Inhandiging van Kommunikatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad gkcenturion.co.za of ons internetskakel stroom.gkcenturion.co.za

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname).

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

KATKISASIE: Vandag: Les 11, Ps 118:1 Volgende week: Les 12, Ps 118:1

KLEUTERKATKISASIE: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

KOLLEKTES

Vandag: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerklieke tydskrifte

Skep-Hoop-Fonds



Volgende week: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

Maandelikse bydraes dmv EFT

Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk
Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Takkode: 632005

Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk
Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Takkode: 632005

Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk
Centurion Susters

Bank: ABSA Lyttelton

Takkode: 632005

Rek no: 600 340 417



Besorg asb die

blompot terug

indien u Sondag die

ruiker ontvang het.

Dankie.

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

22 Mei

Magda vd Schyff

Blok A

Thereza Myburgh

Blok B

Marique le Roux

Blok C

29 Mei

Ronel Hoogenboezem

Blok A

Petra Terblanche

Blok B

Marietjie Smit

Blok C



Susters

Kameeldrift Dames-tee ten bate van die Kinderhuise

Jaarliks word **ekstra energie** ingesit om fondse in te samel vir die kinderhuise wat uiteraard baie swaar trek.

Jy kan deelneem aan hierdie jaarlikse Dames-tee deur:

1. As **gasvrou** by 'n Tafel vir die damesoggend op 20 Augustus op te tree. Kontak Elize van der Walt elizepien@gmail.com
2. 'n **Donasie** te gee: * sit die bedrag in 'n **kovert en merk duidelik: Kameeldrift 2022** of * maak 'n **betaling in ons eie sustersrekening** met die verwysing: **Kameeldrift 2022.** Die bedrag sal dan deur ons Susters se tesourier aan die organiseerders van die Kameeldrift-funksie oorbetaal word.

BLOK A en die kosbank

'n Hartlike woord van dank aan die wyksusters en susters van Blok A wat die afgelope tyd ingespring het en kos voorberei het vir die kosbank wat die diakonie behartig. Die kos wat uitgedeel word wanneer gesinne dit nodig het, is 'n liefdevolle gebaar. Baie dankie ook aan Helene Kruger wat dit namens die Sustersbestuur deurvoer.

Handwerk

Baie dankie aan almal in die gemeente wat so besig is met die brei van artikels. Die brei houers staan Sondae in die saal by die agterste deur. Daar is nog wol wat geneem kan word vir enige artikel waarop jy besluit. As jou artikel gereed is, kan dit ook in die brei houers geplaas word. Ons het reeds 'n sak vol gebreide items. Hou daardie wol en naalde aan die beweeg!

Blomme

Die Susters koop elke week 'n pragtige bos blomme by twee dames in Valhalla. Onder leiding van Louisa van der Walt en 'n span dames word dan gesorg dat die blomme elke Sondag gereed staan om uit te deel en om op die beskeie manier ook ons liefde onderling te betoon. Die twee dames wat die blomme teen 'n baie bekostigbare prys verskaf, is hierdie week op 'n besondere manier bedank deurdat Hermi Pelser namens die Sustersbestuur hulle verras het met 'n bedankingsbriefie en 'n klein geskenkie vir elkeen.

Kom klets, kuier en koop by ons

WINTERMARK

GK CENTURION
4 Junie 2022, 10:00-14:00

Tuisgebak Stroopwafels Springmielies Vleis Biltong
 Parfuum Pap & Kaiings Pannekoek Glutenvrye kos
 Warm Souse Speserye Bordspeletjies Juwele Hekelwerk
 Handgemaakte artikels Sketse van jou foto's
 ...en nog vele meer!

Bybelskool van Centurion 2022
bied aan

Die Christen en sy werk

Plek: GK Centurion Kerksaal
Tyd: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30
Koste: R100 pp
Almal welkom

| DATUM | AANBIEDER | TEMA |
|--------|-----------------|--|
| 24 Mei | Pierre Muller | Christelike arbeidsetiek |
| 31 Mei | Alwyn Swanepoel | Verbond en arbeid |
| 7 Jun | Lourens Venter | Die ewigheidswaarde van my werk |
| 14 Jun | Henk Stoker | Om nie 'n slaaf van jou werk te word nie |
| 21 Jun | Lourens Venter | Samevatting |

Verjaarsdae

Belydende lidmate

| | | | | |
|---------|---------|--------------|-------------|-------------|
| 22 Mei | Dirk | Lochner | B11 | 27828245446 |
| | Sanet | Venter | C13 | 27833021062 |
| | Wicus | Zaayman | C10 | 27845007918 |
| 23 Mei | Alta | de Beer | B10 | 27828795454 |
| 24 Mei | Elma | Faber | C07 | 27845481859 |
| | Paul | Roux | A13 | 27832518582 |
| 23 Mei | Hanco | Buys | B11 | 27845530011 |
| | Maxie | de Lang | C14 | 27822666973 |
| | Jan | Myburgh | A04 | 27824120129 |
| | Liz | vd Smit | B06 | 27828472204 |
| 26 Mei | Willem | v Tonder | C04 | 27824331914 |
| | Thys | Maree | C02 | 27732549266 |
| 27 Mei | Alida | Viljoen | A12 | 27793182224 |
| | Lettia | Bloemhof | A12 | 27827006398 |
| | Hilda | Kaiser | C06 | 27827727718 |
| | Charne | Nel | B18 | 27835697653 |
| 28 Mei | Elize | Pretorius | A12 | 27726212988 |
| | Cesilia | du Plessis | A07 | 27739425533 |
| | Tia | Grünenfelder | C15 | 27790877564 |
| | Willem | Myburgh | B11 | 27813615936 |
| | Heidie | vd Walt | A13 | 27829028032 |
| Quintin | vd Walt | B01 | 27823335330 | |

Dooplidmate

| | | | | |
|--------|---------|-----------|-----|-------------|
| 23 Mei | Ava | Daniels | E01 | 27711352420 |
| 24 Mei | Janco | vd Walt | C15 | 27725229529 |
| 26 Mei | Filippa | Vermeulen | A05 | 27833188952 |

Ons gee om vir Mekaar

“... Moenie bang wees nie.” Mark 6:50

- Retief Snyman het 'n oogoperasie ondergaan (A4—347 0401).
- Charmaine Coetzee gaan komende week 'n angiogram ondergaan (C13—011 238 7865).
- Ronel Swanepoel sterk aan na 'n prosedure (B18—658 5124).
- Johannes Kruger sterk aan na 'n skoueroperasie (A12—082 948 8739).
- Bets Wallace het toetse ondergaan (B6—084 886 3478).
- Antoinette Jv Vuuren sterk aan na 'n knie operasie (B4—082 569 1882).
- Rita vd Vyver sterk aan in Eldoraigne Step-down (B8—083 533 1999).

Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Hemelvaartdag

Op Donderdag, **26 Mei om 19:00** is daar 'n aand-erediens te GK Centurion olv ds Gerrit Kruger. Daar is ook 'n *Morning devotion* om 06:00.

Alethea Outreach

11:00

Worship Service

Like us on facebook:

<https://www.facebook.com/aletheaministry/>

Verkoop u, u huis? Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Pieter Wolmarans 08394988 99.

Gesoek - tuinwoningstel om te huur Hennie vd Vyver 084 424 0421.

GK LYTTTELTON HOU WINTERMARK

27 Mei (16:00—20:00) en

28 Mei (08:00-14:00)

Baie te sien, eet, drink en koop

Stalletjie bespreking: Leonie 082 824 1198

Die Christen en sy Werk

Die boek wat tans behandel word by die Bybelskool is ook beskikbaar

by Hein Kaiser na die diens.

Die koste is R140

Mootkamp

Skoolverlaters: 10 tot 17 Julie 2022 (R850 pp)

Groepleiers: 8 tot 17 Oktober 2022 (R950 pp)

Kampterrein: Hartbeesfontein Voortrekkerplaas
(45km Noord-Oos van Pretoria)

Vir meer inligting - <https://www.mootkamp.co.za/>

Vir algemene navrae—moot@gkbrooklyn.org.za

GKA PIEKNIK



Kom hou saam pieknik by 'n lewensgrootte tabernakel net hier in Pretoria!

Wanneer: Saterdag, 11 Junie 2022
om 12:00

Waar: by die Tabernakel uit op Lynnwood

Kontak: ds Lourens 082 529 2330

Bybelstudie

Juventus (18-24)

Woensdagaande 18:00

.....

Ouventus (25-35)

Woensdagaande 19:00

Geestelike Opbou

Sondag, **29 Mei 2022** na die aanddiens

Petro Slater van Huis Eljada gaan met ons kom gesels oor hul werksaamhede en behoeftes. Elke week is daar geleentheid om iets vir hierdie Huis te skenk en word 'n behoefte in die Kommunikatjie geplaas.

Hoe het Huis Eljada ontstaan? Hoe word die skenkings verdeel en geadmistrereer? Wie kan aansoek doen om deur Huis Eljada ondersteun te word? Wie lewer almal 'n diens aan Huis Eljada? Daar is seker nog baie meer vrae?

Kom luister na 'n entoesiastiese Petro Slater en vra ook die vraag wat jou kwell!

GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

Eljada Huis

Volledige behoeftelys: Is op die kennisgewing-bord geplaas

Deurlopende behoeftes: Margarien, konfynt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toilet papier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Wol—enige afvalwol, ons wil graag winterkomberse brei/hekel.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

Evangelisasie Opleidingsessie

Die Evangelisasiekommissie beplan 'n praktiese opleidingsessie in evangelisasie op **Saterdag, 11 Junie** om 08:00-14:00 by die kerk.

Dit is gegrond op die sg "Hart van die mens" wat al sedert 1732 met sukses in Afrika gebruik word. Dit gebruik prente om die dade van die mens uit te beeld en tot introspeksie en DV bekering te bring.

Ons gaan opleiding ontvang by mense van Harvesters Ministries wat goed vertrouwd is hiermee. Ons gaan dit eers inoefen en daarna gaan ons dit prakties toepas in ons omgewing.

Belangstellendes kontak asb Marlou vd Berg per Whatsapp op 082 412 4313.



Nuwe Intrekkers

Daar word Woensdagaand,

25 Mei om **19:00**

'n verwelkomingsfunksie gehou vir alle nuwe intrekkers in die gemeente.

Alle nuwe lidmate van die afgelope **drie maande** is welkom om die funksie by te woon.

**Stephanie van Jaarsveld 0846036773/
stef.vj@gmail.com**

Beroepe aanvaar

Ds KP Steyn van GK Vredenburg/

Saldanha na GK Port Elizabeth

TIENERS: KOM SPEEL SAAM

SAALSOKKER

**SIEN JOU 22 MEI NA DIE AANDDIENS
IN DIE SAAL**

